CANSA®
Cancer Association of South Africa

Research • Educate • Support



# Jou Nalatenskap . . .

- op die liefde
- op die lewe
- aan gesondheid

*Verbeel jou 'n wêreld sonder kanker*

# KANSA gee om

## Wie ons is

Histories was dit sedert 1931 die doel van die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) om ʼn unieke, geïntegreerde diens te bied aan die publiek en aan alle persone wat deur kanker geaffekteer word.

Ons missie is om die leidende organisasie sonder winsoogmerk te wees wat navorsing bemagtig vir die verlaging van kanker-risiko; opvoeding van die publiek ten opsigte van die simptome, sifting en risiko-vermindering; en die voorsiening van sorg en ondersteuning aan alle persone wat deur kanker geraak word.

Ons Voorspraak-span vervul ʼn wakende rol – met die strewe om te verseker dat Suid-Afrikaanse beleidsmakers beïnvloed word ten opsigte van belangrike kankerbeheer sake sowel as die beskerming van pasiënte se reg tot gesondheidsorg. Ons is hier om die regte van alle kanker-pasiënte en dié van hulle families te beskerm.

KANSA is daartoe verbind om persone wat kanker in die gesig staar met mekaar te verbind deur middel van inligting, dag-tot-dag hulp, sowel as die emosionele ondersteuning wat hulle benodig binne die gemeenskappe waar hulle woon.

Ons mikpunt is om te verseker dat kanker-oorwinnaars en hulle geliefdes nooit alleen stry teen kanker nie. Ons is hier om hulle op elke tree van hulle kanker-reis te ondersteun.

Hierdie brosjure word aan jou verskaf met die komplimente van die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA). Dit dien egter slegs as ʼn **riglyn** en baan die weg na verkryging van professionele advies.

# Die betekenis van erflating . . .

Die woord 'erflating' word in 'n woordeboek eenvoudig beskryf as ''n som geld of artikel geskenk deur 'n voorganger se Testament'.

Maar 'n ware erflating is veel meer as net dit. Elkeen van ons het gedurende ons leeftyd die geleentheid om daardie verskil uit te leef in 'n versigtig opgestelde en wettige Testament – seker die belangrikste en mees persoonlike dokument wat elkeen van ons in ons leeftyd sal onderteken.

'n Deurdagte en omvattende Testament weerspieël nie net die aanwas van jou bates nie, maar ook die soort persoon wat jy is. Jou Testament reflekteer jou waardes en ideale wat by familie begin, sowel as die hoop en wense wat jy koester. Jou 'nalatenskap' is hoe jy onthou sal word – 'n nagedagtenis aan jou lewe.

Die vraag is altyd, 'wanneer is die regte tyd om 'n Testament op te stel'?

Die antwoord is 'nou', vir elke persoon bokant die ouderdom van 18 wat besittings of bates van die een of ander aard besit, ongeag hoe klein of groot die finansiële waarde mag wees. Dit beteken dat jy beide die voorreg en die reg besit om te bepaal wat met daardie besittings en bates sal gebeur indien en wanneer jy dit nie meer benodig nie.

Sou 'n lewe onverwags beëindig word en daar is nie 'n Testament nie, kom die wetlike term 'intestaat' ter sprake. En 'n 'intestate' situasie laat 'n familie met ingewikkeldhede wat niemand wat omgee sou wou byvoeg tot sy/haar geliefdes se hartseer nie.

Jou Testament is ook 'n buigsame dokument wat aangepas of in geheel verander kan word soos wat jy deur die verskillende fases van jou lewe beweeg.



# Waarom jy ’n Testament benodig

Die dood haal ons almal uiteindelik in – moontlik voorsien, of dalk skokkend onverwags.

Die realiteit is dat die verlies van ’n geliefde, veral ’n broodwinner of hoof van ’n familie, die agtergeblewenes met emosionele trauma asook groot onsekerheid oor die toekoms laat.

Elkeen van ons, synde enkel, getroud of in ’n verhouding, wil die trauma van ons vertrek uit hierdie lewe minimaliseer. Ons het almal mense waarvoor ons omgee, en selfs buite ons familie is daar vriende, medewerkers, en gunsteling welsynsorganisasies vir wie ons ondersteun.

Om al jou sake in orde te kry, met ’n geldige Testament op datum en in plek, is ’n groot stap in die rigting van die voortsetting van jou liefde en omgee vir hulle almal. En gemoedsrus is wat jy in ruil daarvoor kry.



Ongelukkig moet baie agterblywendes egter dikwels die ontstellende alternatief hanteer – juis vanweë die gebrek aan ’n Testament; ’n situasie waarin die Staat dan sal besluit wat van jou bates word, terwyl jy die teendeel kon verseker het.

Nie net is ’n Testament noodsaaklik nie, maar ewe belangrik is ook om dit in veranderende omstandighede op datum te hou. Dit is heel eenvoudig om iets by wyse van ’n Aanhangsel by ’n bestaande Testament te voeg.

# Wat gebeur as jy nie ’n Testament het nie

Verbasend genoeg is daar tallose mense wat nie ’n Testament het nie. Sommige het nog nooit daaraan gedink om een op te stel nie. Sommige vermy dit omdat dit aan dood gekoppel word. Sommige dink hulle het min of niks om agter te laat nie, of dat hulle te jonk is om een nodig te hê.

Sou jy intestaat sterf (sonder ’n Testament), kan daar uiteraard geen inspraak wees oor wat met jou swaar-verdiende bates sal gebeur nie. Die Staat sal daardie besluite neem, streng volgens die wet, en dit mag dalk nie in die beste belang van jou geliefdes wees nie.

Bykomend daartoe is die feit dat dit jare kan neem om jou boedel af te handel. ’n Soektog na ’n Testament wat dalk weggeraak het of nie bestaan nie moet eers gedoen word voordat die boedel as testamentloos aanvaar word. Daarna moet al die lewende familielede opgespoor word. Intussen word alle gelde gevries – wat groot swaarkry vir jou familie kan veroorsaak.

Volgens wet mag slegs bloedverwante/wettig-aangenome familielede en getroude gades dan erf. Geen ander persoon of gunsteling welsyn wat vir jou belangrik was, sal kwalifiseer nie.

Nog ’n goeie rede vir ’n Testament is dat dit jou die geleentheid gee om ander belangrike wense op skrif te stel.

Byvoorbeeld: Wil jy jou organe skenk aan die wetenskap of om iemand wat ’n oorplanting benodig, te help? Wil jy begrawe of veras word? Dalk wil jy insette lewer in jou begrafnis-reëlings? Wat moet van jou troeteldiere word?



# Jy mag dalk reeds ’n Testament hê. Indien nie, dink oor die volgende na . . . of help iemand anders om daaroor na te dink.

Met soveel inligting op die internet beskikbaar, is daar altyd die versoeking om ’n ‘doen dit self’ Testament op te stel.

Maar hierdie dokument is té belangrik om dit met foute of skuiwergate te waag; dit is dus wenslik om eerder die kundige advies van ’n professionele spesialis op te soek; dit kan ’n prokureur, finansiële adviseur, of jou eie bankier wees.



Jou bates en ideale sal uniek wees – wat dit die moeite werd maak om individuele en gedetailleerde aandag daaraan te gee.

’n Erflating of nalatenskap is ’n skenking wat jy in jou Testament maak. Dit kan spesifiek wees, soos bv. ’n som geld, eiendom, waardevolle artikels. Of dit kan restant wees – wat ookal oorbly nadat al die spesifieke skenkings, skulde, fooie, belasting en ander onkostes vereffen is.

Erflatings bied ook belangrike belastingvoordele. Alle skenkings aan welsynsorganisasies is vrygestel van belasting. Dit beteken dat indien jy KANSA byvoorbeeld as een van jou begunstigdes aanwys, die waarde, die waarde daarvan afgetrek word voordat jou boedelbelasting bereken word, wat uiteraard die belastinglas verlig.

’n Erflating verbeter die lewe van diegene wat ná ons kom. Dis jou afskeidsgeskenk, bedoel om die wêreld vir ander te verbeter. En dis ’n wonderlike geskenk om na te laat.

# Nuttige bewoording

’n SPESIFIEKE ERFLATING:

Ek bemaak aan (volle name, besonderhede en adres van die individu) die som van R............... / spesifieke artikels.
OF
Ek bemaak aan (volle name, besonderhede en adres van welsynsorganisasie) die som van R........... /spesifieke artikel/s van alle belasting onthef en ek bepaal verder dat die kwitansie van die betrokke tesourier of alternatiewe aanvaarde beampte voldoende en volle vrystelling sal bewerkstellig.

’n RESTANTE ERFLATING:
Onderhewig aan die betaling van al my skulde, begrafnis- en testamentêre onkostes, bemaak ek ....... (vul in die woord ‘Al’ of ’n persentasie aandeel) van die restant van my boedel wat nie andersins deur my Testament toegeken is nie, aan (volle name, besonderhede en adres van die genomineerde).
OF
Onderhewig aan die betaling van my al skulde, begrafnis- en testamentêre onkostes, bemaak ek ........ (vul in die woord ‘Al’ of ’n persentasie aandeel) van die restant van my boedel wat nie andersins deur my Testament toegeken is nie, aan (volle naam van welsynsorganisasie, besonderhede en adres). Ek bepaal verder dat die kwitansie van die tesourier of alternatiewe aanvaarde beampte voldoende en volle vrystelling sal bewerkstellig.

HOE OM ’N AANHANGSEL OP TE STEL:
Om ’n addisionele individu of welsynsorganisasie by jou bestaande Testament te voeg (bv. KANSA), voltooi die Aanhansel-dokument by hierdie brosjure ingesluit. Maak seker dat jy dit onderteken in die teenwoordigheid van twee getuies wat dit moet mede-onderteken en wat nie deur jou Testament of hierdie Aanhangsel bevoordeel sal word nie.



Wanneer voltooi, sou jy dalk hierdie dokument aan jou regsadviseur wou voorlê om na te gaan. Dit moet dan in ’n koevert gesit en veilig by jou Testament bewaar word. <u>Moet nooit ’n Aanhangsel aan die Testament vaskram of vasknip nie</u>.

# Gebruik die bates en laste waarvan jy weet

Jou boedel is die totale waarde van alles wat jy besit – jou huis, die inhoud, aandele, spaargeld, versekeringswaardes, e.a. – waarvan jy dan die som van alles wat jy verskuldig is, aftrek.

## Bates Teenoor Laste

### Bates

| | |
|---|---|
| Huis | R ............. |
| Ander eiendom | R ............. |
| Huishoudelike inhoud | R ............. |
| Meubels/Antieke items | R ............. |
| Juwele/Kunswerke | R ............. |
| Motor/Karavaan/Boot | R ............. |
| Spaargeld en Kontant | R ............. |
| Voorrade en Aandele | R ............. |
| Besigheidsbates | R ............. |
| Ander beleggings | R ............. |
| Pensioenvoordele | R ............. |
| Lewensversekering | R ............. |
| Ander bates | R ............. |
| **Totale bates** | **R .............** |



# om die waarde van jou boedel te bereken

Met gebruik van die eenvoudige werksblad hieronder kan jy 'n idee vorm van die waarde van jou boedel. Die uiteindelike totaal kan dan tussen jou begunstigdes verdeel word.

## Bates Teenoor Laste

### Laste

| | |
|---|---|
| Huislening | R ............. |
| Banklenings | R ............. |
| Huurkope | R ............. |
| Oortrokke bankrekening | R ............. |
| Kredietkaarte | R ............. |
| Belasting verskuldig | R ............. |
| Ander laste | R ............. |
| **Totale Laste** | **R .............** |
| **Totale Bates** | **R .............** |
| Minus | |
| **Totale Laste** | **R .............** |
| = | |
| **Waarde van Boedel** | **R .............** |



# Kontrolelys vir die opstel van jou Testament

Met die opstel of opdatering van jou Testament, is dit belangrik om eers voorsiening te maak vir diegene wie naaste aan jou is – familie en vriende. Maar dit is ook ʼn gulde geleentheid om ander instansies wat jou na aan die hart lê, te bevoordeel.

**Hier volg 10 eenvoudige stappe vir die opstel of opdatering van jou Testament:**

**1.** Wetlik word jy toegelaat om jou eie Testament op te stel, maar dis baie veiliger om hierdie belangrike dokument deur ʼn gekwalifiseerde persoon te laat opstel – soos bv. ʼn prokureur, ouditeur, jou bankier of ʼn trust onderneming. Dit verseker die geldigheid daarvan.

**2.** Indien jy vir die eerste keer ʼn Testament opstel, sal jy ʼn bereidwillige Eksekuteur moet benoem om jou wense uit te voer – ʼn tydrowende taak. Betaling aan ʼn professionele eksekuteur sal uit die restant van jou boedel kom, maar dit sal ook die las op jou treurende familie verlig.

**3.** Berei jouself voor met al die nodige inligting en dokumentasie voordat jy ʼn afspraak maak vir die opstel van jou Testament. Jy sal besonderhede van die waarde van jou boedel benodig sowel as die volle persoonlike en kontak-inligting van jou eksekuteur/s en begunstigdes (die persone en welsynsorganisasies wat volgens jou Testament erflatings sal ontvang.)

**4.** Bepaal die waarde van jou boedel deur gebruik te maak van die Bates Teenoor Laste werkskedule in hierdie brosjure. Gebruik die finale restant-waarde om jou bates tussen jou begunstigdes te verdeel.

**5.** Besluit watter soort erflating jy wil agterlaat. Die twee mees algemene erflatings is Restante of Spesifieke Erflatings. ʼn Restante Erflating is die veiligste manier om te verseker dat jou skenking sy waarde behou. Indien jy ʼn erflating aan KANSA in ʼn Aanhangsel tot jou bestaande Testament wil maak, voltooi asseblief die Aanhangsel-dokument by hierdie brosjure ingesluit en bewaar dit veilig by jou Testament.

**6.** Begrafnisreëlings: Jy kan in jou Testament bepaal of jy verkies om veras of begrawe te word, en jy kan spesifieke instruksies insluit, soos bv. ‘Ek bepaal dat my asse ter see gestrooi moet word.’

# Hoe jou erflating aan KANSA aangewend sal word

Sedert 1931 beywer KANSA hom vir 'n wêreld sonder kanker, deur die oorsprong en gevolge van die siekte tot voordeel van alle Suid-Afrikaners te beveg. Jou erflating sal hierdie stryd voortsit deur middel van ons dienste by wyse van opvoeding, bewusmaking, voorspraak, voorkoming, navorsing, en 'n sterk pasiënt/familie ondersteuningsisteem.

Vanuit ons KANSA Sorgsentra verskaf ons holistiese versorging en ondersteuning vanaf diagnose, en deur al die fases van behoefte tydens hulle kanker-reis. Dit sluit in die bied van inligting, dag-tot-dag bystand en emosionele ondersteuning, binne hulle eie gemeenskappe. Ons verskaf ook pasiëntesorg en ondersteuning in die vorm van 11 KANSA Sorgtuistes in die hoof metropolitaanse areas vir weg-van-die-huis kankerpasiënte, sowel as KANSA-TLC verblyf aan en ondersteuning van ouers en voogde van kinders wat behandeling vir kanker ontvang.



Ons doel is om te verseker dat Kanker-oorwinnaars en hulle geliefdes nooit kanker op hulle eie hoef te bestry nie. Jou erflating sal jou deel maak van die ondersteuning met elke tree van hulle kanker-reis.

Vir verdere in-diepte en wyer inligting en beskikbare dienste, besoek gerus ons webtuiste by www.cansa.org.za of skakel een van ons sorgsentra.

Ons sal dit op prys stel indien jy ons in kennis stel indien jy KANSA by jou Testament insluit.

Kennisname van jou voorneme help ons om vir die toekoms te beplan – en stel ons in staat om jou nog tydens jou leeftyd te kan bedank.

Neem asseblief kennis dat jou besluite nie bindend is nie en dat jy jou besluite enige tyd in die toekoms mag verander. Wees ook verseker dat ons alles wat betrekking het op erflatings streng vertroulik hanteer om jou privaatheid te beskerm.

7. Jou Testament moet deur jou (die testateur/testatrise) geteken word in die teenwoordigheid van twee onafhanklike getuies wat die dokument ook terselfdertyd moet onderteken. Getuies moet ouer as 18 en by hulle volle positiewe wees om as getuie te kan optree. Verder mag die getuies of hulle huweliksmaats nie deur die Testament bevoordeel word nie.

## Elke bladsy moet onderaan deur die testateur/testatrise en die getuies geparafeer word.

8. Bewaring van Testament: Veiligste is om die oorspronklike Testament by jou prokureur of jou bank te laat bewaar, maar jy behoort ook ’n afskrif tuis te hou om jouself van tyd tot tyd van die inhoud daarvan te vergewis.

9. Onthou om ’n afskrif aan jou eksekuteur/s te gee, of maak ten minste seker dat hulle bewus is van die inhoud daarvan en weet waar om dit te vind. Indien jy afskrifte van jou Testament maak, skryf ‘Afskrif’ daarop, maar moenie ‘Oorsponklik’ op die oorspronklike skryf nie.

10. Jy behoort jou Testament aan te pas indien: jy na ’n ander land verhuis; trou of skei; bates wat in die Testament genoem word, vervreem; een of meer van die erfgename of eksekuteurs te sterwe kom of vervang word. Indien jou boedel op datum meer werd is as toe jy jou Testament aanvanklik opgestel het, kan jy moontlik die boedelbelasting verminder deur sekere veranderinge daarin aan te bring. Indien jy baie veranderinge wil maak, is dit dalk wys om eerder in geheel ’n nuwe Testament op te stel. In die meeste gevalle word egter slegs ’n Aanhangsel benodig. Een van die besparings wat aangebring kan word, is om ’n skenking aan ’n welsynsorganisasie te bemaak.

Sou jy KANSA wou aanwys as jou welsynskeuse vir ’n erflating, sal ons baie dankbaar wees.

Jou ondersteuning help ons om die stryd teen kanker in Suid-Afrika voort te sit en bring ons nader aan die bereiking van ’n kankervrye samelewing. Dit sal ’n besondere nalatenskap wees aan ons kinders en die geslagte wat volg.

# Mense sê ...




*"Destyds – soos nou ook – was ek baie dankbaar teenoor die vrygewige mense wat KANSA in staat stel om noodsaaklike mediese ondersteuningsdienste aan Kanker-oorwinnaars te bied. Ek sê sonder huiwering dat ek my oorlewing tot die rype ouderdom van 90 te danke het aan die toewyding en versorging van die KANSA-personeel en die wonderlike mense wat hulle werk moontlik maak."*
Dennis Wells

*"Tot op die einde het KANSA ons mildelik hulp en raad gegee, wat ookal en wanneer ookal benodig. Baie dankie vir julle groot goedheid aan ons, en julle lojaliteit aan elke kanker-pasiënt en -familie."*
Anonieme familielid van 'n kanker-pasiënt

*"Kontak KANSA vir hulp – vir julle albei – en sluit aan by 'n ondersteuningsgroep.
Ek kan my nie voorstel waar ek sou wees as dit nie was vir my KANSA-familie nie – hulle het my gered en genees!"*
Charmaine




*"Die hulp wat ons van die Kankervereniging van Suid-Afrika ontvang, is vol inligting en wys dat ons werklik nie alleen staan nie. Die KANSA Kosmos-personeel was ook so 'n seën in my lewe en ek is dankbaar vir wat hulle in ons gemeenskappe doen vir almal wat direk of indirek deur kanker geraak word."*
Martie Zerwick (hierdie storie was in die Julie 2018 nuusbrief)

*"Baie jare gelede het 'n vriend(in) in die KANSA Mkhuhla Sorgtuiste tuisgegaan, en nou is nog 'n vriend(in) onder julle sorg. Ek is so dankbaar dat daar steeds in Durban fasiliteite is wat kanker-pasiënte versorg met die waardigheid en aandag wat hulle verdien. Julle doen ongelooflike werk. Baie dankie."*
Tracey Merle



*"KANSA het ons bedien met broodnodige advies, morele ondersteuning en selfs mediese toerusting wat ons gehelp het om die uitdagings van versorging te hanteer."*
Ianthe Muller – Global Hero of Hope 2019

*"My pa is onlangs gediagnoseer met fase 4 kanker in sy lewer, longe en kolon. Hy het ook tumors op sy T10 & T12 rugwerwels asook in sy milt. In 'n poging om hom sowel as ander wat die goeie stryd stry, te ondersteun, het ek my hare afgeskeer – my poniesterte was elk sowat 30cm lank. Ek wil KANSA graag bedank vir die goeie werk wat julle doen, wetende dat my hare 'n pruik sal word vir iemand wat dit werklik benodig. Dit was vir my bevrydend om so iets te doen."*
Chanelle



# Ons registrasie, kontak- en bankbesonderhede

Publieke Bystandsorganisasie (PBO) nommer –
Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) : 130001397
Nie-Winsgewende Organisasie Registrasienommer –
Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA): 000-524 NPO
OF
Winsoogmerk
Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA): 000-524 NPO
Concorde Road-Wes 26, Bedfordview, 2008, Johannesburg,
Gauteng, Suid-Afrika.
Tel: 011-616 7662; E-pos: info@cansa.org.za
Tolvrye Lyn: 0800 22 66 22
WhatsApp: 072 197 9305 (Engels en Afrikaans)
071 867 3530 (isiXhosa, isiZulu, siSwati, Sesotho en Setswana)
Gratis Tele Berading per afspraak op 0800 22 66 22 in English, Afrikaans,
isiXhosa, isiZulu, siSwati, Sesotho en Setswana
Webtuiste: www.cansa.org.za
Aanlyn Ondersteuning: Sluit by ons aan op Facebook;
volg ons op Twitter en Instagram,
laat kommentaar op ons webtuiste;
teken in op www.isurvivor.org.za (ondersteuningsprogram vir Kanker-oorwinnaars).

**Bankbesonderhede:**
Kankervereniging van Suid-Afrika
**Bank:** Standard Bank
**Rekeningnommer:** 02249 9644
**Takkode:** 018305
**Taknaam:** Bedford Gardens





CANSA
Cancer Association of South Africa

*Research • Educate • Support*

*Verbeel jou 'n wêreld sonder kanker*